# Laerskool Uitkoms Akademie

*Inligtingspakket*

# Waardes

Hoe mooi verduidelik hierdie woorde ons skool se waardes:

- Trots om in Afrikaans - ons moedertaal - onderrig te kan bied
- Dankbaar om 'n uitkoms te wees vir elke leerder, ouer en onderwyser, wat deur God se hand hier geplaas is
- Hier groei ons nie net nie, ons BLOM!

*Skoollied*
*Uit die hand van die Vader,verrys 'n  diamant*
*Waar ons trots in ons geloof en taal kan leer tot U eer*
*Soos 'n sonneblom in Afrika son sal ons blom waar U ons lei*
*Salueer ons jou met trots Uitkoms   Akademie*

# Agtergrond

- Uitkoms Akademie is ’n onafhanklike skool, geaffilieerd met die Instituut vir Christelike Onderwys (ICO)
- Deur die ICO geniet ons skool verteenwoordiging tot op die hoogste regeringsvlak
- ICO bied kurrikulum ontwikkeling, skoolbesoeke, hoofde netwerk en lidmaatskap by FEDSAS

ICO Skole

# Wat is ‘n ICO skool?

‘n ICO skool is ‘n Christelike onafhanklike skool

Deut 6:7 "Jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan"

ICO skole is Christelike onafhanklike skole, belyn volgens die Gereformeerde/Reformatoriese beginsels. Die skole is verspreid oor die hele land. Die grootste deel van die skole is nie gesubsidieerd nie, maar dit staan elke skool wel vry om daarvoor aansoek te doen.

Die meeste ICO skole is Afrikaanssprekend alhoewel Lesedi la Dithaba en Musawenkosi Christian School ons op ons Engelse tone hou.

# Ons ander ICO Skole

HaMaKom PRIVAATSKOOL
Plek van onderrig.

HaMaKom

Lees meer

Moot Akademie

Lees meer



Musawenkosi Christian school

Lees meer

Rustenburg Christelike Akademie

Lees meer

Akademie Reformia

Lees meer

Centurion Christelike Laerskool

Lees meer

Christelik Gereformeerde Skool Eloffsdal

Lees meer

Christian School
Lesedi La Ditshaba
Thuto Ke Lesedi

Christian School Lesedi la Ditshaba

Lees meer

Uitkoms Akademie

Lees meer

Gereformeerde Laerskool Bellville

Lees meer

Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn

Lees meer

Gereformeerde Laerskool Wolmaransstad

Lees meer

Gereformeerde Skool Dirk Postma

Lees meer

Akademie Reformia

Lees meer

Centurion Christelike Laerskool

Lees meer

Christelik Gereformeerde Skool Eloffsdal

Lees meer

Christian School
Lesedi La Ditshaba
Thuto Ke Lesedi

Christian School Lesedi la Ditshaba

Lees meer

Gereformeerde Laerskool Bellville

Lees meer

Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn

Lees meer

Gereformeerde Laerskool Wolmaransstad

Lees meer

Gereformeerde Skool Dirk Postma

Lees meer

# AKADEMIE

## Visie

By Laerskool Uitkoms Akademie ontwikkel ons leerders om hulle volle potensiaal te kan bereik. Ons leer ons leerders om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle talente, regte en verpligtinge.

By die skool word leerders begelei deur kwaliteitonderrig en ‘n georganiseerde milieu tot afgeronde persone. Deur moedertaalonderrig streef ons daarna om leerders geesteswerbaar te maak en om hulle vaardighede gebalanseerd te ontwikkel vir die eise van ons tyd.

Ons beskik oor gehalte onderwysers om leerders te lei in die ontwikkeling tot hul volle potensiaal. In hierdie strewe, speel ons ouergemeenskap ‘n integrale rol as deel van die opvoedingspan.

# AKADEMIE

## Missie

By Laerskool Uitkoms Akademie streef ons na die grootste mate van geluk vir almal wat by die skool betrokke is: leerders, ouers / voogde en onderwysers. Ons poog om ‘n veilige hawe te skep en in vennootskap met die ouers/voogde kwaliteitonderrig te bied en so die leerders te begelei tot gebalanseerde en verantwoordelike individue.

# Kurrikulum

- Ons volg ’n KABV belynde kurrikulum wat oorgang na die ander hoofstroom hoërskole vergemaklik. Hierdie kurrikulum is verryk met geestelike waardes

- Handboeke en werksboeke is oorgeskryf deur die ICO om te verseker dat Christelike waardes ingebed is om ’n ware Christelike karakter te bou

- Die volgende is voorbeeld werkboeke vir graad 1 en graad 7

# Die vak Bybel

- Bybel word reeds vanaf die Voorskoolse Klasse as 'n vak aangebied.
- Hierdie vak fokus nie net op kennis nie, maar het ten doel dat 'n liefde vir die Here gekweek word.
- Openlike, intense gesprekke word tydens Bybel lesse aangemoedig en leerders het die vrymoedigheid om diep gewortelde kwessies aan te roer.
- Nuwe toevoeging tot die skool is gewyde sang periode. Hierdeur leer ons leerders om met gemak die Here te loof en te prys.

# Meer oor die kurrikulum soos deur ICO verwoord

## Oor ons unieke kurrikulum

### Agtergrond




'n Kurrikulum is vanuit die reformatoriese perspektief ontwikkel en beskikbaar vanaf Graad R tot Graad 7, asook enkele vakke vanaf Graad 8 tot 12. 'n Kenmerk van hierdie handboeke is dat Bybelse norme en waardes geïntegreer word in al die vakke. Akademies voldoen die inhoud aan meer as die KABV vereistes.

Die Waterstroomreeks is 'n Christelike waardegedrewe kurrikulum. Leerders word gelei na 'n grondige kennis en begrip van vakinhoud en beginsels, sodat hulle toegerus is om met hulle gawes en talente die nuwe kennis in diens van God en die gemeenskap te kan aanwend.


Leerders word gelei om op 'n geïntegreerde wyse in elke vak drie hoofwaardes as begronding van die inhoud raak te sien.
Hierdie drie hoofwaardes is:

- Godsaanskouing
- Mensbeskouing
- Skeppingsbeskouing

Elke hoofwaarde word in die leerinhoud verwerk sodat die leerling onderstaande drie vrae kan beantwoord:

- Wie is God? (Openbaring)
- Wie is ek? (Mensbeskouing)
- Wat moet ek doen? (Roeping)


# Graad 1 werkboeke




Bybel Werkboek

Koop nou by Boekenhout


- Hierdie werkboek dek gedeeltes van die jaarskema, sodoende word die inhoud vasgelê.
- Dit word gedoen aan die hand van kort vragies, inkleurprente, raaisels en knipwerk.




Bybel Handleiding

Koop nou by Boekenhout


- Riglyne om meer te vertel oor die weë van die Here.
- Wenke om die teosentriese, antitetise, heilshistoriese en verbondsmatige lyne in die vertelling te verweef.
- Riglyne waaraan 'n Bybelvertelling moet voldoen en voorbeelde van praktiese voorbereiding.
- Aandag aan didaktiese aspekte, assessering en differensiasie gegee.
- Leerstofverdeling (kurrikulum) word ook verskaf.




Afrikaans Werkboek 1

Koop nou by Boekenhout


- Die inhoud is opgestel volgens riglyne van die KABV met die klem op vaslegging.
- Eerste woordherkenning, luisteroefeninge en skryfoefeninge.
- Leer die volgende letters a.h.v 'n unieke storie; b, a, s, m, e, t, k, o, n, i, l, p, h, d, r, v.
- Begin en eindklanke, lees, woord- en sinsbou.
- Skryf van woorde, insidentele lees en vele meer.




Afrikaans Werkboek 2

Koop nou by Boekenhout


- Graad 1's begin "skryf" deur prente, wat lei tot die vorm van individuele woorde, byskrifte en volsinne.
- Die vervolg van die letters a.h.v 'n unieke storie; u, g, f, q, j, w, y, z, x, c.
- Klankfamilies, insidentele lees, woord- en sinskonstruksie.
- Lees hoë-frekwensiewoorde, skryf woorde en sinne.
- Begripstoetse, en vele meer.




Afrikaans Werkboek 3 & 4

Koop nou by Boekenhout


- Leer hoe afsonderlike letters woorde vorm, woorde sinne vorm, spasiëring en gebruik van leestekens.
- Ontwikkel uitgebreide woordeskat en hoe sinne deur byvoeglike naamwoorde en bywoorde verryk word.
- Raak ervare in skryf van eie sinne, word aan paragrawe bekend gestel.
- Dubbel klanke; aa, oo, ee, uu, ie, oe, ui, eu en klinkers (a, e, i, o, u en y).
- Begripstoetse, sinsbou, transkripsie, kreatiewe skryfwerk, hoofletters en leestekens.
- Skryf van eiename en meer




Ek Leer My Klanke Ken

Koop nou by
Boekenhout


- Fokus om taal en woordeskat uit te brei.
- Aangeleerde letters word in die klankboek ingeoefen.
- Ruimte is ook gelaat vir huiswerk wat bestaan uit die soek van prente wat begin met die nuut aangeleerde letter en dan ingeplak word.
- Die boek dien as 'n "lekkerleesboek" wat werk op die beginsel van insidentele lees.




My Eerste Leesboek

Koop nou by
Boekenhout


- Fokus om taal en woordeskat uit te brei.
- Die boek word in kwartaal 1 gebruik.
- Dit begin by sogenaamde "prentjielees".
- Daarna volg "hoëfrekwensie-sigwoorde" wat nodig is om vlot en vloeiend te kan lees.
- Aan die einde van die kwartaal moet die hoëfrekwensie woorde vinnig en vlot gelees word.
- Dit kan tuis en in die klas ook m.b.v. flitskaarte ingeoefen word.




My Klanke Leesboek

Koop nou by
Boekenhout


- Vrolike illustrasies ondersteun die inhoud wat bydra tot taal en woordeskat uitbreiding.
- Die boek word in kwartaal 1 gebruik.
- Al die klinker-konkfamilies word a.h.v. eenvoudige stories aangeleer.
- Die stories werk op die beginsel van assosiasies om sodoende die klanke makliker vas te lê.
- Elke storie word ook opgevolg met "hoëfrekwensie-sigwoorde".
- Aan die einde van die kwartaal moet hoëfrekwensie woorde vinnig en vlot gelees word.




Witbord-Oefenboek

Koop nou by
Boekenhout


- Ekstra hulpmiddel.
- Verskeie vaardighede word met witbordmerker ingeoefen op "witbord-agtige papier".
- Konkrete voorwerpe kan gebruik word om konsepte aan te dui.
- In wiskunde word dit later in die jaar tydens die mondeling wiskunde periode gebruik.
- Die boek bevat ook 'n honderd-kaart.
- Dien ook as oefenboek om skrif in te oefen.




Skrif

Koop nou by
Boekenhout


- Sodra klanke aangeleer is word dit op lyne in die skrifboek ingeoefen.
- Leerders begin met uitdraai- of vetkryte.
- Dit word met kleurpotlode en later met die gewone grys-potlood opgevolg.
- Hulle leer dat letters bo begin en dat mens van links na regs skryf.




Skrifpatrone

Koop nou by Boekenhout


- Funksionele geskrewe taal word leerder vasgelê.
- Help om die letters wat aangeleer word korrek te kan skryf.
- Die volgorde van die letters is ooreenkomstig 'n oulike "klankstorie" wat werk op die basis van assosiasie.
- Die nuwe letter word eers nagetrek om 'n gevoel van die vorm van die letter kry.
- Die letter word dan op 'n 16mm waterlyn geoefen.
- Aan die einde van die boek is daar ook oefeninge wat fokus op die voorlopers van lopende skrif




Wiskunde Werkboek 1

Koop nou by Boekenhout


- Sien en meet die presiesheid van God se orde in ruimte, kan die orde daarin d.m.v. syfers waarneem.
- Insig in God se grootheid, almag en die noukeurigheid van die Skepping word verkry.
- Voldoen aan KABV uitkomste en met ekstra inhoud verryk.
- Getalle 0 – 10, vorms; reghoek, ovaal, driehoek en die vierkant.
- Simbole=, +, -.
- Minder as, meer as en ewe veel, lig/swaar, lank/kort.
- Getalbewerkings, getallelyne, rangtelwoorde, trein- en kombinasiesomme en die weerkaart.
- Getalvolgorde, spinnekopsomme, patrone voltooi, woordsomme en meer.




Wiskunde Werkboek 2

Koop nou by Boekenhout


- Voldoen aan KABV uitkomste en is met ekstra inhoud verryk.
- Getalle 11 – 20, tel in twees en vywe.
- Verdubbeling, halvering, volgorde, datahantering, ranggetalle en kombinasiesomme.
- Tiene en ene, geld, trein-, partytjie- en woordsomme en meer.




Wiskunde Werkboek 3

Koop nou by Boekenhout


- Voldoen aan KABV uitkomste en is met ekstra inhoud verryk.
- Hersiening van kwartaal 1 en 2.
- Halvering, verdubbeling, simmetrie.
- Tyd: dae van die week, maande van die jaar.
- Drie-dimensionele vorms, woord- en kombinasiesomme.
- Groepering, tiene en ene en meer




Wiskunde Werkboek 4

Koop nou by Boekenhout


- Voldoen aan die KABV uitkomste en is met ekstra inhoud verryk.
- Getalpatrone, bewerkings met drie getalle, skat en tel.
- Datahantering, meting en kombinasiesomme.
- Vermeerder en verminder, geld, inoefen van die 100 kaart en meer.




Wiskunde Huiswerkboek 1

Koop nou by Boekenhout


- Verspreide herhaling help om die konsepte vas te lê.
- Dit word d.m.v huiswerk vasgelê.
- 'n Lekker praktiese wiskunde huiswerkboek is ontwerp waar die klem op herhaling ter wille van inskerping lê.
- Die huiswerkboek is ter ondersteuning Wiskunde 1.




Wiskunde Huiswerkboek 2

Koop nou by Boekenhout


- Verspreide herhaling help om die konsepte vas te lê.
- Dit word d.m.v huiswerk vasgelê.
- 'n Lekker praktiese wiskunde huiswerkboek is ontwerp waar die klem op herhaling ter wille van inskerping lê.
- Die huiswerkboek is ter ondersteuning Wiskunde 2.




Wiskunde Huiswerkboek 3

Koop nou by Boekenhout


- Verspreide herhaling help om die konsepte vas te lê.
- Dit word d.m.v huiswerk vasgelê.
- 'n Lekker praktiese wiskunde huiswerkboek is ontwerp waar die klem op herhaling ter wille van inskerping lê.
- Die huiswerkboek is ter ondersteuning Wiskunde 3 en 4.




Maths
Workbook 1

Koop nou by Boekenhout

- Seeing and measuring the precision of God's order in creation, it can also be observed in numbers.
- CAPS compliant and enriched with extra content.
- Numbers 0 – 10, shapes; rectangle, oval, triangle and the square.
- Symbols =, +, -.
- Less than, more than and equal, light/heavy, tall/short.
- Number operations, number lines, ordinal words, train and combination sums and the weather chart.
- Number sequence, spider numbers, pattern completion and more.




Maths
Workbook 2

Koop nou by Boekenhout

- CAPS compliant and enriched with extra content.
- Numbers 11 – 20, count in twos and fives.
- Doubling, halving, sequencing, data handling, ordinals and combinational sums.
- Tens and ones, money, train and word sums and more.


# Graad 7 boeke



Afrikaans

Koop nou by Boekenhout


- Voldoen aan die KABV leeruitkomste soos deur DBO vereis en met ekstra leerinhoud verryk.
- Uitgangspunte t.o.v. tale:
- God skep deur sy Woord.
- Die Woord het ook mens geword in Jesus Christus (Joh. 1:14).
- Die mens is na die beeld van God geskape, m.a.w daar is onderskeid tussen die taal van diere en die taal van die mens (Gen. 1:26).




Afrikaans Antwoordgids

Koop nou by Boekenhout


- Antwoordgids vir modules: graad 4 – 7.
- 'n Voorgestelde skoolgebaseerde assessering en eksamen sowel as die assesseringsprogram vir elke graad word ook verskaf.
- Voorbeeldvraestel gegee.
- Die lengte van tekste (kreatiewe skryfwerk) asook voorgestelde lengte van luister- en leestekste word verskaf.
- Ook voorgestelde rubrieke vir lees, mondelinge-, kreatiewe- asook transaksionele skryfwerk.




Sosiale Wetenskappe

Koop nou by Boekenhout


- Voldoen aan die KABV leeruitkomste soos deur DBO vereis en is met ekstra leerinhoud verryk.
- Die handboek dek 'n aantal aspekte van God se skepping en die menslike vermoëns om dit te benut, dus hoe om natuur in kultuur te omskep.




Sosiale Wetenskappe Onderwysergids

Koop nou by Boekenhout


- Onderwysergids wat dien as memorandum vir alle vrae van elke aktiwiteit in die graad 4 – 7 handboeke.
- Die gids bied ook voorstelle hoe aktiwiteite voltooi moet word.
- Riglyne word ook gebied vir leerders wat navorsing moet doen, veral waar daar van die internet gebruik gemaak word.




Natuurwetenskap

Koop nou by Boekenhout


- Voldoen aan die KABV leeruitkomste soos deur DBO vereis en is met ekstra leerinhoud verryk.
- Die handboek dek 'n aantal aspekte van God se skepping en die menslike vermoëns om dit te benut, dus hoe om natuur in kultuur te omskep.
- God gee in sy Woord duidelike opdragte oor hoe en met watter doel sy skepping gebruik moet word.




Natuurwetenskap
Antwoordgids

**Koop nou by**
Boekenhout


**Boek sal November beskikbaar wees.**




Tegnologie

**Koop nou by**
Boekenhout

- Voldoen aan die KABV leeruitkomste soos deur DBO vereis.
- Dit is met ekstra inhoud verryk.
- Die handboek dek 'n aantal aspekte van God se skepping en die menslike vermoëns om dit te benut, dus hoe om natuur in kultuur te omskep.
- God gee in sy Woord duidelike opdragte oor hoe en met watter doel sy skepping gebruik moet word.





Tegnologie
Antwoordgids

**Koop nou by**
Boekenhout

**Boek sal November beskikbaar wees**

# Uitkoms Akademie Sport




## Die volgende sportsoorte word hier aangebied:

- Landloop & Atletiek: ons skool huisves 'n tak van die FPN Landloop klub. Hierdie klub het vir die afgelope 5 jaar die Gauteng trofee vir die beste atletiek klub verower met meer as 70 atlete wat provinsiale kleure verower het. Mnr Mayson Strydom, afrigter van hierdie tak van die klub, spog as SA Kampioen 2023 vir 1500m vir mans bo 30jaar.

- Mini hokkie: Ons het die skool ingeskryf vir die mini hokkie toernooi wat in die derde kwartaal plaasvind. Die leerders geniet die geweldig baie en leer om in 'n span te werk.








- Dit is belangrik vir Mnr Strydom ons sport organiseerder om die talente tussen ons leerders te ontwikkel en almal toe te rus met goeie vaardighede. Asook om 'n trots te kweek tussen die leerders en 'n liefde vir 'n gesonde leefstyl.

# Atletiek













Datum

## Atletiek

Die jaarlikse ICO atletiekbyeenkoms is 'n geleentheid waar die ICO skoolfamilie informeel met mekaar kan verkeer. Onderwysers bou bande, kinders van die onderskeie skole onthou mekaar en begin vriendskappe ontwikkel en ouers van die onderskeie skole geniet van die saamkuier, die saam aanmoedig en bemoedig.
Kortom dit bevorder die ICO gemeenskap se onderlinge samewerking.

Uitkoms Akademie was reeds die jaar genooi na vriendskaplike atletiek byeenkomste en het reeds 3 voorlopige byeenkomste saam met die ICO byeenkoms vir die toekoms.










# Buitemuurse Aktiwiteite

- Uitkoms Akademie fokus op die vorming van goed gebalanseerde individue wat nie net uitblink in akademie nie, maar ook in sport en kultuur
- Ons skool beywer ons vir die daarstelling van geleenthede om leerders te help om talente te ontdek en goeie karakter te bou

# Kultuur

- Ballet en Moderne danse word by die skool aangebied deur Dance Academy SA. Dansers word op nasionale meriete gegradeer elke jaar.




- Musieklesse by die skool aangebied deur Santie van Jaarsveld - BMus Unisa. Klavier, kitaar en klassieke orrel word aangebied en studente  kan so ver as graad 6 Unisa vlak eksamens begelei word.

Jaarlikse aanbieding

## Kunstefees

Die beoefening van die kunste in sy vele vorme is deel van die mens se kultuur. Dit is vasgemaak in die Bybelse kultuuropdrag wat God in Gen 2:15 aan die mens gee.
Die verbondskind moet onderskeidingsvermoë op hierdie terrein leer. Die kind leer estetiese geletterdheid en waardering en word aangemoedig om deel te neem.

# Kungwini Eisteddfod

## Uitkoms Akademie het ingeskryf vir die ATKV Eisteddfod om ons leerders die nodige kultuur blootstelling te gee.

### 1.BEELDENDE KUNS

- Illustratief - teken
- Skilderkuns
- Dekoratiewe Kuns
- Beeldhoukuns

### 2.DRAMA

- Voordrag
- Spreekkore
- Gedramatiseerde poësie
- Prosa
- Bybelse Prosa
- Samespraak (Dialoog)
- Lees - Prosa
- Toneel - Eenbedryf






### 3.VOKALE AFDELING

- Klassieke of tradisionele liedere
- Sangsolo’s
- Klassieke afdeling Duo’s
- Classical Section English songs
- Ligte Musiek Afdeling

Gr RRR en op

- Eie komposisie
- Koorsang



### 4.REVUE

# Revue

Uikoms Akademie bied nou al hulle 3de revue aan. Geen leerder word van die spesiale geleentheid uitgesluit nie. Revue en die aanleer van danspassies is nie net vir die leerders lekker nie, maar verbeter die volgende:

- Hand- oog koördinasie
- Middellyn kruising
- Aanleer van links en regs;
- Uitvoer van opdragte
- Liggaams- en spierbou
- Aandag afleibaarheid
- Musiekwaardering
- Tel- sorteer- en groeperingsvaardighede
- Verbeterde postuur
- Goeie selfbeeld
- Leierseienskappe







